

**Die redakteurs het *dr Kobus Gerber*,  
Algemene Sekretaris van die NG Kerk, gevra  
om hierdie redaksioneel te skryf.**



Kobus Gerber

# Moderamen bekommerd oor rassisme

In Christus het daar een nuwe mensheid tot stand gekom.

Voor God is daar nie onderskeid tussen mense nie. Voor Hom is hulle gelykwaardig.

Oor wie jou naaste is, het jy ook nie 'n keuse nie: dis elkeen wie se pad met joune kruis. Boonop is die Bybel baie duidelik daaroor dat hoe ek ander mense liefhet, die manier is hoe ek God liefhet. Die enigste Bybelse manier om na ander te kyk, is deur die bril van Christus.

Rassisme het te doen met menswaardigheid. Dit is 'n saak van denke, kyk, houding, woorde, dade. Daar is 'n duisend kante en intensiteite hieraan. Dit is 'n kiem wat in die lug sweef en hom in jou kan kom tuismaak en groei, bewustelik en onbewustelik. Slegs intensiewe en voortdurende sorg vir ons geestelike immuunstelsels en harde oefening op die atletiekbaan van die geloofswedloop maak dit dood. Dit vra daaglikse bekering.

In *Kerk en Samelewing* het die NG Kerk reeds helder gewaarsku teen dié siekte. Dit is 'n ernstige sonde wat geen kerk of mens mag verdedig of beoefen nie. Rassisme in alle vorme word verwerp as strydig met die Woord van God. Daar is selfs gewaarsku dat volksliefde rassistiese trekke in hom kan opneem... (vgl *Kerk en Samelewing* 1990, par 110-115).

Dat hierdie kiem op lelike maniere sy kop uitsteek, en aanhou uitsteek in ons samelewing en gemeenskappe (ook geloofsgemeenskappe), stem tot kommer. Dit laat 'n mens dink.

## Redes vir rassisme

Ek waag agt redes vir die oorsake van rassisme, terwyl ek weet baie ander kan bygevoeg word.

1 Ons gaan mank aan 'n stewige teologiese mensleer (antropologie). Teologiese besinning en publikasies oor die Bybelse leer oor menswees verdien 'n prominente plek in die kurrikulum van teologiese fakulteite.

2 Ons preek en leer nie oor die mens, oor *God se mens*, nie. Ons weet nie hoe nie, juis omdat 'n stewige teologiese antropologie ontbreek.

3 Die omvang en die reikwydte van die versoening wat Christus bewerk het, kry nie in ons persoonlike en samelewingsverhoudings gestalte nie. Ons sukkel om die versoening wat Hy tussen mense kom gee het, arms en voete en bene te laat kry.

4 Die gevaar, die kankereffek, van rassisme word onderskat. Dit is nie deel van die onderrigkurrikulum van die kerk nie. Ons gee nie in die kategetiese, Bybelskole, omgegroepe of prediking aan rassisme aandag nie. Indien wel – hoeveel keer die afgelope 10 jaar?

5 Ons het gemeen ons samelewing, en die kleiner samelewings waarin ons geloofsgemeenskappe funksioneer, sal ná 1994 sommer vanself regkom. Of dat dit die staat se saak is om dit te laat regkom. In die heropbou- en ontwikkelingsgeleenthede in ons land, lê die geleentheid tot versoening. Daarmee saam loop die geleentheid om rassisme uit te roei. Ons laat dit by ons verbygaan. Só gaan die wonderlike geleenthede om mekaar werklik te leer ken en liefkry, óók verby.

6 Daar is baie opinies oor die werk van die Waarheids- en Versoeningskommissie. In die finale aanbevelings is daar egter 'n hele aantal sake wat ook aan die adres van kerke gerig is, maar waaraan kerke gesamentlik nog nie aandag gegee het nie.

7 Die impasse van die kerkherenigingsprosesse help ons nie op die oomblik nie.

8 Daar gebeur slegte goed met ons lidmate – en baie daarvan word rassisties beleef, of rassisties geïnterpreteer en vertaal. Die Handves vir Regte wat in die Grondwet verskans is, funksioneer sleg in ons samelewing.

Hierdie uitgawe van *Kruisgewys* word aan rassisme as onderwerp gewy omdat die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk met bekommernis kennis geneem het van die voortslepende rassisme van alle kante wat voortgaan om verhoudings in ons samelewing te vertroebel.

Die Moderamen is oortuig dat die NG Kerk graag méér wil doen om lidmate op die pad van versoening en die bekamping van rassisme te begelei. Die Moderamen het daarom in Maart 2008 besluit om

- die duidelike besluit van *Kerk en Samelewing* (1990) par 96-115 onder die aandag van sinodes te bring sodat hulle dit aan ringe, kerkrade, leraars en lidmate kan deurgee;
- sinodes te versoek om leraars en kerkrade te begelei om daadwerklik in die Woordverkondiging en lewenspraktyk van lidmate hieraan aandag te gee;
- die redaksies van *Kruisgewys*, *Kerkbode* en *Lig* te versoek om oor 'n tydperk 'n reeks artikels hieraan te wy;
- die Moderatuur te versoek om 'n dringende gesprek met die moderature van die ander kerke in die NG Kerk familie oor dié saak aan te vra en die saak ook in ekumeniese gesprekke op die agenda te plaas.

Die opdrag én uitdaging is om elke mens te sien en te hanteer as 'n gawe wat God aan hierdie wêreld gegee het vir wie ek kan aanraak soos Jesus sou doen... maak nie saak wie sy of hy is nie!